

# Deelnamevergadering gehou oor raamwerk vir lugkwaliteitswet

**Elana Greyling**

DIE nasionale lugkwaliteitsoffisier, dr. Tumi Khumalo, het onlangs 'n reeks publieke deelnamevergaderings gehou om die raamwerk rondom die lugkwaliteitswet 2004 (Wet 39 van 2004) te bespreek.

Dis 'n proses wat elke vyf jaar herhaal word om die raamwerk te hersien wat verder inligting gee oor die bedoeling en toepassing van die wet.

Daar is vergaderings in Kaapstad, Durban en Johannesburg gehou, maar geen vergaderings in enige van die lugkwaliteitsprioriteitsgebiede in die land nie.

Tydens die vergadering in Kaapstad het 'n paar omgewingsaktiviste van die vergadering te hore gekom en dit was skokkend om uit te vind dat hulle die enigste gemeenskapslede was wat by die 'publieke' vergadering was, naas 'n saal vol amptenare en kundiges.

Bobby Peek, Direkteur van GroundWork, het die kwessie onder hul aandag gebring. Daar is drie prioriteitsgebiede in die land waar die lugkwaliteit so swak is, dat daar spesiale strategieë bedink moet word.

Die drie gebiede is: Vaaldriehoek, die Hoëveld en die Waterberg. Insette is gelewer deur twee verteenwoordigers uit die Bosveld, Letta Sebokoane van Steenbokpan en Elana Greyling van Lephale. Die feit is dat Eskom reeds minimum lugkwaliteitstandarde oorskry en nogtans aansoek doen om vrygestel te word van die bepalings van die minimum vereistes van die wet. Voeg hierby nog ses steenkoolkragstasies wat beplan word vir die area, lyk die prentjie maar sleg vir vars lug in die Bosveld. Die Waterberg het as distrik slegs twee lugkwaliteitsoffisiere, nie een van hulle in Lephale gestasioneer nie, waar twee van Eskom se reuse reeds besoedeling in die lug uitspoeg.

Volgens die plaaslike munisipaliteit se amptenaar in die warm stoel, Joshua Hlapo, het hul 'n tekort aan mannekrag en kort Lephale beslis hul eie lugkwaliteitsoffisier. Hy doen sy bes, maar daar is net te min hande om oral raak te kan vat.

Of die insprake enige gevolge sal hê, is 'n goeie vraag. Tog voel die gemeenskap dat hulle gelukkig was om 'n bydrae te lewer en dat hulle kommentaar darem iewers op rekord geplaas is.  
[editor@nmgroup.co.za](mailto:editor@nmgroup.co.za)